KENNISGEWING 41 VAN 2020

THABAZIMBI GRONDGEBRUIKSKEMA, 2014

KENNISGEWING VAN AANSOEK VIR WYSIGING VAN DIE THABAZIMBI GRONDGEBRUIKSKEMA, 2014 INGEVOLGE ARTIKEL 16(1) VAN DIE THABAZIMBI GRONDGEBRUIKBESTUUR VERORDENING, 2015 SAAMGELEES MET DIE RELEVANTE BEPALINGS VAN DIE WET OP RUIMTELIKE BEPLANNING EN GRONDGEBRUIKBESTUUR, 2013 (WET 16 VAN 2013) (SPLUMA) EN REGULASIES SOOS GEPROMULGEER

Ek, Izel van Rooy van die firma Plan Wize Stads-en Streekbeplanners, synde die gemagtigde agent van die eienaars van die ondergenoemde eiendomme gee hiermee ingevolge Artikel 16(1) van die Thabazimbi Grondgebruikbestuur Verordening, 2015 saamgelees met die relevante bepalings van die Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur, 2013 (Wet 16 van 2013) (SPLUMA) en Regulasies soos gepromulgeer kennis dat ek aansoek gedoen het by die Thabazimbi Munisipaliteit vir die wysiging van die Thabazimbi Grondgebruikskema, 2014, deur die volgende hersonering:

THABAZIMBI WYSIGINGSKEMA 029

- **Erf 1922, Erf 1923 en Erf 1924, Thabazimbi Uitbreiding 14 (wat gekonsolideer staan te word) van "Residensieel 1" na Residensieel 4".**

THABAZIMBI WYSIGINGSKEMA 051

- **Die Resterende gedeelte van Gedeelte 49 van die plaas De Put, 412-KQ Limpopo van "Spesiaal" vir 'n Privaat Oord en aanverwante gebruike na "Spesiaal" vir 'n "Privaat Oord" en aanverwante gebruike asook 'n "Onderrigplek", onderhewig aan spesifieke voorwaardes.**

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Bestuurder: Beplanning en Ekonomiese Ontwikkeling, Thabazimbi Munisipaliteit, 7 Rietbokstraat, Thabazimbi vir 'n tydperk van 30 dae vanaf 21 Augustus 2020.

Besware teen of vertoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 30 dae vanaf 21 Augustus 2020 skriftelik by of tot die Bestuurder: Beplanning en Ekonomiese Ontwikkeling, Thabazimbi Munisipaliteit, by bovermelde adres of by Privaat Sak X530, Thabazimbi, 0380 ingedien of gerig word.

ADDRESS OF AGENT: PLAN WIZE TOWN AND REGIONAL PLANNERS, P.O. BOX 2445, THABAZIMBI, 0380, TEL: 0824497626

21–28